# Die evangelie volgens MARKUS




Dof of HELDER
MARKUS 12:1-12



Alles behoort
AAN U
MARKUS 12:13-27

13 Toe stuur hulle 'n paar van die Fariseërs en van
die Herodiane na Jesus toe om Hom met 'n
vraag in 'n strik te vang. 14 Hulle kom sê toe vir
Hom: "Meneer, ons weet dat u iemand is wat u
mening eerlik uitspreek sonder om mense in
aanmerking te neem, want u let nie op die
aansien van persone nie. U is getrou aan die
waarheid en so maak u die wil van God bekend.

MARKUS 12:13-27

Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal,
of is dit nie? Moet ons betaal, of moet ons nie
betaal nie?"
15 Jesus het egter geweet dat hulle huigel en Hy
het vir hulle gesê: "Waarom stel julle vir My 'n
strik? Bring vir My 'n muntstuk dat Ek sien."

MARKUS 12:13-27

16 Hulle bring toe vir Hom een en Hy vra vir hulle:
"Wie se kop en naam is hierop?"
"Die keiser s'n," antwoord hulle Hom.
17 Jesus sê toe vir hulle: "Gee aan die keiser wat
aan die keiser behoort, en aan God wat aan
God behoort."
En hulle was stom van verbasing oor Hom.

MARKUS 12:13-27

18 Toe kom daar Sadduseërs na Jesus toe. Dit is
hulle wat beweer dat daar nie 'n opstanding is
nie. 19 Hulle vra Hom toe: "Meneer, Moses het vir
ons voorgeskrywe: 'As iemand se broer sterwe
en 'n vrou agterlaat maar nie kinders het nie,
moet hy met die weduwee van sy broer trou en
'n nageslag vir sy broer verwek.' 20 Nou was daar
sewe broers. Die oudste het getrou en by sy
sterwe geen kinders gehad nie.

MARKUS 12:13-27

21Die tweede het toe met die weduwee getrou,
maar hy het ook gesterwe sonder om kinders
agter te laat, en die derde net so. 22Nie een van
die sewe het kinders by haar gehad nie. Heel
laaste het die vrou toe ook gesterwe. 23Met die
opstanding, wanneer hulle uit die dood opstaan,
wie van hulle se vrou sal sy wees? Al sewe het
haar mos as vrou gehad."

MARKUS 12:13-27

24 Jesus sê vir hulle: "Is die rede waarom julle
dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif ken nie en
ook nie die krag van God nie? 25 Ja, want
wanneer die mense uit die dood opstaan, trou
hulle nie meer nie, maar is hulle soos die engele
in die hemel.

MARKUS 12:13-27

26 En dat die dooies opgewek word, het julle dan
nie in die boek van Moses, in die gedeelte oor
die doringbos, gelees hoe God vir hom gesê het:
'Ek is die God van Abraham, die God van Isak,
die God van Jakob' nie? 27 Hy is nie 'n God van
dooies nie maar van lewendes. Julle is dus
heeltemal aan die dwaal!"

MARKUS 12:13-27


Alles behoort
AAN U
MARKUS 12:13-27